

Sing vooraf staande: Psalm 49:1, 4 (p. 248)

- 1 Kom luister, volke wat die aarde oordek, / wat woon so ver die wêreldlande strek!
Kom aan, wie klein en arm is in die land, / saam met die rykes, hoog in eer en stand!
My hart en mond bring enkel wysheid voort. / Ek neig my oor en luister na 'n woord;
'n diep geheim – 'n stof vir harpenare – / sal ek vertolk by ruising van my snare.
- 4 Hy prent hom, dwaas in sy verdorwe sin, / 'n ewigheid van aardse dinge in:
sy hoë huis, dink hy, sal altyd staan, / sy naam, al wyd vermaard, sal nooit vergaan!
Dié hoop reik ver, maar wat, wat is dit tog? / 'n Skynsel eers en dan – 'n groot bedrog.
Die mens, hoe hoog in eer en mag verhewe, / vergaan soos vee en derf oplaas die lewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 81:1, 2, 12 (p. 411)

- 1 Laat ons nou die HEER / wat sy volk verbly het / deur sy sterkte, eer!
Hom, die grote God, / wat weer feesgenot / vir sy volk berei het.
- 2 Laat die trommel hoor / by die toongemengel / van 'n jubelkoor!
Laat die harpenaar / klank van sagte snaar / deur die blydschap strengel!
- 12 Open julle mond, / eis van My vrymoedig / op my trouverbond:
al wat jul ontbreek, / skenk Ek as jul smeek / mild'lik en oorvloedig.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 51:1, 5 (p. 260)

- 1 Ontferm, o God, ontferm U tog oor my! / Ontsluit die bron van u barmhartighede;
wis uit die smet wat kleef aan al my lede, / en maak my siel van sondeskuld weer vry!
Was my geheel tot my behoudenis, / was weg tog, HEER, die skandvlek van die sonde,
die kwaad wat my altyd voor oë is. / Hoe voel ek nou die brandpyn van my wonde!
- 5 Verberg u oog, die vlammelig wat oor / my sonde brand en speur deur al my lede.
Was weg, delg uit my ongeregthede, / herskep my hart wat wegding uit u spoor.
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees, / dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!
Laat my voor U tog geen verstootling wees, / en neem u goeie Gees nie weg van my nie.

Gebed

Psalm 14:1, 2, 4 (p. 54)

- 1 Vermeetle dwaas wat hoogwys spot, / sê in sy hart: "Daar is geen God."
Hul dade is afskuw'lik sleg, / geeneen wat goed doen in sy weg.
- 2 God het die mens se werk betrag / uit hemelhoë en helder dag,
of Hy ook by die mensekind / verstand mét ware Godsvrees vind.
- 4 Is daar dan by die sondaarskind, / hul wat my volk soos brood verslind,
geen kennis van die waarheid meer, / dat hulle God nie seek en eer?

Skriflesing: 1 Samuel 14:16-52

Kernverse: 1 Samuel 14:29

Maar Jonatan sê: "My pa het 'n ramp oor die land gebring. Kyk net, ek het nuwe krag gekry omdat ek hierdie bietjie heuning geproe het." (1 Samuel 14:29 AFR83)

Tema: 'n Opgeslukte verhouding met God is dwaasheid

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons almal stel opregtheid van ander mense teenoor ons hoog op prys. Dit is baie sleg as jy agterkom dat iemand wat vriendelik en gaaf teenoor jou is, iets doen of sê wat veroorsaak dat jy sy opregte vriendelikheid betwyfel. Sulke agterbakse maniere verongeluk verhoudings.

As dit vir ons sleg is wanneer mense nie opreg teenoor ons is nie, hoeveel te meer doen dit die Here nie oneer aan wanneer 'n mens so oneg teenoor Hom optree nie. Omdat so 'n verhouding die Here onteer, is dit vir so 'n mens net so verwoestend. Ons Here Jesus sê self dat daar op die laaste dag baie mense sal wees wat vir Hom sal sê:

Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam duiwels uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie? (Matteus 7:22 AFR83)

Maar 'n mens kan nie die Here 'n rat voor die oë draai nie. Daardie kamtige verhouding wat hierdie baie mense met die Here gehad het, sal hulle niks baat nie. Jesus sê:

Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree. (Matteus 7:23 AFR83)

Broers, susters en kinders, die Heilige Gees het ons 'n vorige keer gewys op die verskil tussen Saul en sy seun Jonatan. Jonatan tree met vertroue in die Here op. Hy weet dat die geveg teen die Filistyne nie in die eerste plek Israel se geveg teen hulle is nie. Israel is net in diens van die Here, want deur hulle wil die Here die heidense Filistyne uit die land van sy volk verdryf. Die Filistyne het immers nie net die Israeliete verkleineer en verdruk nie. Hulle was ook onder die indruk dat hulle afgod Dagon die God van hemel en aarde 'n les geleer het. Deur die Heilige Gees was Jonatan oortuig dat die Here sy volk van die Filistyne wil en kan verlos.

Aangesien Jonatan nie 'n persoonlike opdrag van die Here ontvang het soos sy pa nie, loop hy nie sommer halsoorkop agter die oortuiging in sy hart aan nie. In afhanklikheid van die Here vra hy dat die Here elke tree vir hom sal wys sodat hy regtig in die spore van die Here kan volg. Deur hierdie vertroue in en gehoorsaamheid aan die Here kry Jonatan ook die voorreg om te sien hoe die Here dit doen wat vir mense onmoontlik is. Die Here bring verwarring onder die Filistyne deur die aardbewing. Die verwarring was so groot dat die Filistyne mekaar begin doodmaak het.

Saul, aan die ander kant, vertoon die kenmerke van iemand wat nie in 'n verhouding met die Here lewe nie. Hierdie vermoede het ons gehad van die eerste oomblik dat ons vir Saul ontmoet het. Toe Saul destyds sy pa se donkies gaan soek het saam met sy slaaf, was dit die slaaf wat Saul aangeraai het om by Samuel, die man van God, te gaan vra waar hulle die donkies moet gaan soek. Uit die wyse waarop die Heilige Gees vir ons daardie gebeure geopenbaar het, het dit duidelik geword dat Saul nie eers kennis gehad het van Samuel nie. Saul en sy slaaf het Samuel as 'n soort waarsêer gesien wat betaling moet kry as hy hulle sal kan sê waar om vir die donkies te gaan soek.

Die feit dat Saul nie in 'n lewende verhouding met die Here leef nie, het nie die Here verhoed om Saul tog te kies en te gebruik as koning vir sy volk nie. Die Here se Gees het vaardig geword oor Saul sodat Saul saam met die profete die Here geloof en geprys het. Toe die inwoners van Jabes in Gilead deur die Ammoniete bedreig is, het die Gees weer vaardig geword oor Saul en die Here het aan Saul die oorwinning oor die vyand gegee. Na afloop van hierdie oorwinning het Saul die enigste werklike belydenis gedoen toe hy gesê het:

Vandag het die Here uitkoms gegee in Israel. (1 Samuel 11:13 AFR83)

Na hierdie oorwinning was Israel in hulle skik met die koning wat die Here aan hulle gegee het. Hulle was omtrent in die wolke. Samuel kry egter die gemoedere tot bedaring toe hy sy

afskeidsboodskap by Gilgal gelewer het. Drie keer in daardie afskeidsboodskap het Samuel die volk en koning Saul daarop gewys dat hulle die Here opreg moet dien en aan Hom alleen gehoorsaam moet wees. Samuel het die derde oproep so afgesluit:

Maar as julle opsetlik verkeerd doen, sal julle sowel as julle koning uitgewis word. (1 Samuel 12:25 AFR83)

Gedurende sy tweede regeringsjaar het Saul die meeste van die soldate wat teen die Ammoniete geveg het huis toe laat gaan. Hy het net drie duisend keursoldate uitgehou vir 'n staande weermag. Jonatan het met die duisend man by hom die wagpos van die Filistyne by Gibeon oorrampel. Toe die Filistyne daarvan hoor, het hulle in hulle hordes opgetrek en kamp opgeslaan by Mikmas. Tussen hakies, dit is hierdie optrede van Jonatan wat veroorsaak het dat Israel in die benoude omstandighede gekom het. Maar die berig wat deur die land versprei is om die Israëliete na Gilgal toe op te roep, laat 'n mens frons.

Die hele Israel het gehoor dat Saul die wagpos van die Filistyne oorrampel het. (1 Samuel 13:4 AFR83)

'n Mens kan die berig verstaan as die waarheid omdat Saul koning is en Jonatan onder sy bevel gestaan het. Maar ek dink die Heilige Gees maak vir ons eerder iets duidelik oor Saul self. Saul wil graag geëer word vir 'n heldhaftige daad, daarom het hy die berig so laat versprei. Saul en die drie duisend weerbare man het by Gilgal opgedaag. Die ander weerbare manne van Israel moes daar by hulle aansluit en sewe dae vir Samuel wag sodat hy die offers kan bring en vir Saul sê wat hy moet doen. Nou weet ons mos al wat daar gebeur het. Toe die Israëliete sien hoe groot die weermag van die Filistyne is, het hulle in die grotte en gate gaan wegkruip. Sommige het sommer oor die Jordaan gevlug. En toe die een dag na die ander verbygaan en Samuel nog nie opdaag nie, het die keursoldate ook begin dros.

Saul het tot op die sewende dag gewag, maar nie totdat Samuel daar aangekom het nie. Saul het hom toe die werk van Samuel aangematig en sommer self die brandoffer geoffer. Net toe hy dit doen, het Samuel opgedaag. As verweer sê Saul toe:

Ek het gesien die manskappe loop van my af weg, en u het nie opgedaag op die tyd wat ons afgespreek het nie. Die Filistyne het bymekaargekom by Mikmas, en toe dink ek: die Filistyne sal nou-nou teen my afkom na Gilgal toe en ek het nog nie aan die Here 'n offer gebring nie. Toe het ek dit gewaag om self die brandoffer te bring. (1 Samuel 13:11-12 AFR83)

Oor Saul kan ons nou al die volgende sê: Hy het nie 'n lewende verhouding met die Here nie. Hy is iemand wat nie wil hoor dat iemand bo hom geëer word nie. En uit hierdie verweer hoor ons dat hy boonop nog bygelowig is. As daar nie 'n offer aan die Here gebring is nie, dan sal Israel nie in die geveg staande kan bly nie, so asof die Here die offers van mense nodig het sodat Hy 'n guns aan hulle kan bewys.

Samuel se uitspraak oor Saul is kort en kragtig:

Jy het dwaas gehandel. (1 Samuel 13:13 AFR83)

Saul is 'n dwaas in die Bybelse sin van die woord. Sy dwaasheid beteken nie dat hy gebrek aan intellektuele vermoëns het nie. Dit is erger. Hy het gebrek aan morele en geestelike vermoëns. Deur homself die priesterlike werk aan te matig, het hy getoon dat hy geen benul van geestelike sake het nie. Wat die Here geopenbaar het, het vir Saul geen betekenis nie, want dit gaan oor hom en sy selfsugtige begeertes. 'n Dwaas sien net na homself om, kyk hoe hy sy reputasie kan bevorder en hoe alles kan bydra om hom goed te laat lyk. Oor die Here is die dwaas nie besorg nie.

Geliefdes, met hierdie tragiese gebeure rondom Saul spreek die Heilige Gees tot elkeen van ons 'n

ernstige woord. Moontlik geld dit nie noodwendig vir jou persoonlik nie, maar miskien vir iemand wat jy ken en vir wie jy met die gesag van Christus moet gaan bedien. Wanneer 'n mens een maal iets onder gesag van die Heilige Gees reg gedoen het tot eer van God, beteken dit nie dat al 'n mens se optrede somer outomaties reg in die oë van die Here sal wees nie. Die twee keer wat Saul onder die gesag van die Heilige Gees opgetree het, het hom nie outomaties 'n gelowige gemaak nie. Juis die onderrig wat Samuel gegee het, moes hom daartoe bring dat hy nog meer onder die gesag van die Here wou lewe. Maar hy het nie geluister nie. As jy maar net so 'n eina-verhouding met die Here het en jy is nie geneig om na die Here te luister nie, moet jy weet dat die ys onder jou voete bitter dun is. Leer eerder by die Kneg van die Here. Ons hoor by Jesaja wat ons by die Kneg van die Here moet leer. Die Kneg sê:

Elke môre laat Hy my opnuut weer luister, Hy laat my luister soos 'n leerling moet luister. Die Here my God het my geleer om te luister. (Jesaja 50:4-5 AFR83)

En wie is die Kneg van die Here anders as Jesus ons Here?

Jesus het self gesê dat dit sy voedsel is om die wil van sy Vader te doen (Joh 3:34). Juis omdat Hy na sy Vader geluister het, Homself verneder het en nie sy eie eer gesoek het nie, het Hy die verskriklikste lyde en smarte deurgemaak en moes Hy ook sterwe. Maar dit was 'n borgtogtelike lyde en sterwe: Op dié wyse het Hy betaal vir al die kere toe ons God se wil nie gedoen het nie. En as ons in Hom glo, Hom liefhet en dien, dan sien God ons aan as gewastes in sy bloed en reken Hy ons ons sonde nie toe nie.

Christus se sterwe is nie net tot ons regverdiging nie. Hy het vir ons gesterf met die bedoeling om ons ook heilig te maak. Daarom het Hy die Heilige Gees aan ons gegee, sodat Christus se eie gesindheid in ons kan groei – 'n gesindheid om na die Here te luister en sy wil te doen. Bid vir jouself en laat ons vir mekaar bid – bid dat die Heilige Gees ons gewillig sal maak om weer en weer na die Here te luister om uiteindelik te kom by die doen van die Here se wil.

Ongelukkig het Saul ook nie na die skerp vermaning van Samuel geluister nie. Sy dwaasheid het net van kwaad na erger gegaan. Toe sy wagte opmerk dat daar 'n beroering onder die menigte Filistyne is, doen hy nie waarvoor die Here hom as koning aangestel het nie. Hy trek nie dadelik teen die Filistyne op nie, maar wil eers weet wie van hulle weg is. Wie gaan nou die eer kry wat Saul so graag wil hê? Daar is nie eers verbasing by Saul as hy hoor dit is Jonatan nie. Hy dit sekerlik verwag.

En nou wil Saul nog nie uittrek en gaan veg nie. Nee, nou wil hy eers die Here raadpleeg. Hoekom? Wil Saul nou sy godsdienstige aansien by die manskappe verhoog nadat hy by Gilgal so 'n flater begaan het? Daar is 'n tyd om eenkant te gaan en te bid en daar is tyd om jou swaard te vat en te veg. Saul kan nie die onderskeid tref nie, want dit gaan mos vir 'n dwaas net oor homself en sy reputasie.

As die rumoer in die Filistynse kamp al groter word, wil Saul nie meer vir die Here se woord wag nie. Hy gryp sy swaard om nog iets van die geveg te kan kry en nie alle aansien onder die Israëliete verloor nie. By die Filistynse kamp aangekom, het Saul gesien hoe die Here sy geveg teen die Filistyne voer. Die Filistyne was besig om mekaar dood te maak. Al vegtende onder mekaar het die Filistyne veg-veg by Bet-Awen verbygegaan. Dit is nie Israel wat die Filistyne op loop laat gaan het nie.

Die Here het Israel daardie dag gered. (1 Samuel 14:23 AFR83)

Kyk nou net watter aanmatigende houding slaan Saul nou in. Toe Saul sien hoe Israel agter die vegtende Filistyne aangaan om hulle van kant te maak, doen Saul die dwase ding om 'n eed op die manskappe te lê:

'n Ramp tref dié een wat voor vanaand iets eet. Ek wil my op my vyande wreek. (1 Samuel 14:24 AFR83)

Dit gaan vir die dwaas oor sy reputasie. Die Filistyne is somer nou skielik Saul se vyande en nie meer die Here s'n of Israel s'n nie. En die eed klink oppervlakkig baie godsdienstig. Om te vas sodat jy jou aandag kan toespits op die Here en sy diens is reg. Maar om nou 'n eed op die manne te lê om te vas wanneer hulle moet veg, is nie baie slim nie, tensy dit oor jou en jou eer gaan.

Geliefdes, hier het ons inderwaarheid met wettisisme te doen. Wettisisme is om geestelike sake wat tuishoort in 'n mens se verhouding met die Here te neem en te verander sodat dit uitgevoer moet word soos jy sê en nie meer soos die Here sê nie. Vir Saul het dit nie oor die Here of Israel se verhouding met die Here gegaan nie. Hy wou in sy ego gestreel word. Hy wou hê daar moes in die geskiedenisboeke onthou word dat Saul hom gewreek het op die Filistyne.

Hierdie dwase eed wat Saul die manne opgelê het, het Israel duur te staan gekom. Die manne was so gedaan dat hulle die Filistyne nie 'n groter slagting kon aandoen nie. Hulle was gedaan, want hulle was honger. En weens die eed wat Saul hulle opgelê het, wou hulle nie eers van die heuning wat die Here voorsien het geniet om versterk te word nie. Die Here het Israel so vinnig in die oorlog betrek dat hulle nie kans gehad het om te eet nie. Hy het dit geweet, daarom het Hy die heuning in die bos voorsien.

Jonatan wat van die eed niks geweet het nie, het van die heuning gevat en geëet. Hy het nuwe krag gekry om die geveg saam met die Here voor te sit. Maar kort voor lank moes hy ook ophou veg, want die manskappe wat saam met hom moes veg, was heeltemal gedaan.

Maar die dwase eed van Saul het Israel nog duurder te staan gekom. Die uiteinde van wettisisme is dat die Here se uitdruklike bevel maklik verontagsaam word. Die manskappe was so honger dat toe hulle die kans kry om die diere wat hulle gebuit het te slag en te eet, het hulle somer daarby die bloed van die geslagte diere geëet. Vir Saul het dit nie saak gemaak nie totdat iemand vir hom sê dat die manskappe teen die Here sondig.

Nie eers die noem van die Here se Naam en die sonde wat die manskappe doen, laat Saul tot insigte kom nie. Hy sien nie raak dat dit sy dwase eed is wat die oorsaak van hierdie sonde is nie. Eiegereg dig sê hy vir die manskappe dat hulle verkeerd doen. Hulle doen inderdaad verkeerd, maar die oorsaak lê by Saul en hy erken dit nie, want 'n dwaas kan nie en wil nie sy eie sonde raaksien nie.

Die woorde wat die Jonatan aan die man sê wat hom oor sy pa se eed gewaarsku het, is inderdaad waar.

My pa het 'n ramp oor die land gebring. (1 Samuel 14:29 AFR83)

Saul se gebrek aan geestelike vermoëns wat gelei het tot sy gewaande godsdienstigheid het 'n ramp oor Israel gebring. Saul se dwase eed het daartoe aanleiding gegee dat die manskappe gesondig het deur die bloed by die vleis te eet. En die Here het gesê dat Hy iemand wat so sondig self sal straf (Lev 17:10).

In hierdie stadium was Saul Israel se grootste vyand en hy is tussen hulle. Die woord wat ons met *ramp* vertaal word net twee keer tevore in die Bybel gebruik. In albei die gevalle waar hierdie woord gebruik word, was die omstandighede baie sleg vir die mense van God. Hulle het 'n vyand beveg, ja, maar dit was elke keer die vyand midde in die volk.

In Genesis lees ons van die bedrieglike optrede van Levi en Simeon, twee seuns van Jakob. Hulle twee het aan die mans van Sigem gesê dat Sigem met hulle suster Dina kan trou as hulle besny is. Die mans van Sigem het hulle besny en drie dae later het Simeon en Levi hulle almal doodgemaak. Jakob het toe vir hulle twee gesê:

Julle het my ontroer dat julle my gehaat gemaak het by die inwoners van die land, die Kanaäniete en Feresiete, terwyl ek 'n klein klompie is. As hulle hul teen my versamel, sal hulle my verslaan, en ek sal verdelg word, ek en my huis. (Genesis 34:30 AFR53)

In Josua lees ons van die bedrog van Akan. Hy het van die goed wat by Jerigo gebuit is en aan die Here behoort vir homself gevat en in sy tent weggesteek. Hierdie optrede van Akan het die hele Israel in gevaar gebring. Nadat die Here vir Akan deur die lot as die skuldige uitgewys het, het Josua vir hom gesê:

Hoe het jy ons in die ongeluk gestort! Die HERE sal jou vandag in die ongeluk stort! (Josua 7:25 AFR53)

Saul het die manskappe met sy opgesmukte verhouding met die Here bedrieg en dit het die hele Israel in die ongeluk gedompel. Maar 'n dwaas word moeilik tot sy sinne gebring. Net die Here kan dit doen.

Met sy dwaasheid gaan hy voort. Eers wil Saul die Filistyne deur die nag agtervolg. Tot in hierdie stadium was die manskappe nog bereid om Saul in sy dwaasheid te volg. Maar dan kom die keerpunt. Agija, die priester, het voorgestel dat hulle eers die Here raadpleeg of hulle die Filistyne moet agtervolg. Maar die Here het Saul nie geantwoord nie. Omdat God Saul nie geantwoord het nie, het hy tot die slotsom gekom dat iemand moes gesondig het. En daardie een moet beslis sterf, al is dit sy seun Jonatan.

Die Here bewerk dit so dat Jonatan inderdaad aangewys word as die skuldige. Gesterk deur die Heilige Gees het Jonatan eerbaar opgetree. Hy het erken dat hy sy pa se eed verontagsaam het al weet hy dat die eed van sy pa dwaas en eiesinnig was. Hy was selfs bereid om te sterf oor sy pa se dwaasheid. Dit is dan hier waar die omkeer by die manskappe kom. Hulle tree vir Jonatan in die bres en keer dat hy aan die hand van sy pa sterf. Hier het die Israëliete nog opgekom vir die onskuldige een wat op die punt gestaan het om te sterf oor die dwase wettisisme van Saul.

Daar sou egter nog Een wees wat in alle opsigte geheel en al onskuldig is aan enige sonde. Die Fariseërs en die Skrifgeleerdes het telkens Jesus probeer vastrek en skuldig bevind aan die oortreding van die wet van God, maar hulle kon nie. Hulle het telkens 'n skerp woord teenoor Hom gehad omdat Hy oënskynlik hulle wettiese godsdienstige reëls sou oortree het. Elke keer het Jesus hulle daarop gewys wat sy Vader met elke gebod werklik bedoel het. Einde ten laaste het hulle in hulle blinde dwaasheid dit reggekry om ook die volk teen Jesus gedraai te kry. Die Jode het almal saam geskreeu:

Kruisig hom! Kruisig hom! (Johannes 19:6 AFR83)

Hoewel Pilatus teësinnig was om Jesus te laat kruisig, het die Jode die rede vir die vonnis gegee:

Ons het 'n wet, en volgens dié wet moet hy dood, omdat hy hom as die Seun van God voorgedoen het. (Johannes 19:7 AFR83)

Wettisisme wat gebore is uit hulle opgesmukte verhouding met die Here het hulle totaal blind gemaak. So blind dat hulle selfs gesê het:

Ons aanvaar die verantwoordelikheid vir sy bloed, ons en ons kinders.
(Matteus 27:25 AFR83)

Geliefdes, 'n opgesmukte verhouding met die Here is inderdaad dwaasheid. Dit is dwaasheid wat lei tot wettiese godsdienstige reëls wat 'n ramp oor die hele gemeenskap kan bring. Mag die Heilige Gees ons lei om aan die voete van Jesus te sit en elke dag by Hom te leer. Mag die Heilige Gees in ons die gesindheid van Jesus opwek om nederig en gehoorsaam voor die Here te lewe. En mag Hy ons bekeer waar ons wettiese godsdienstige reëls wil instel en 'n ramp oor ons bring.

Amen!

Slotgebed

Psalm 119:20, 23 (p. 591)

20 Ek oordink nou al my weë / om my aan u wet te wen;
of ek staan en of ek struikel, / kan ek klaar daaruit beken.
Of ek dood is, of ek lewe, / kan ek klaar daaruit verstaan.
Ek verhaas daarom my skrede / om weer in u spoor te gaan.

23 Voordat ek verdruk was, HERE, / het ek dwaalsiek, al maar voort
op verkeerde pad gewandel; / maar nou let ek op u woord.
U is goed, U is goeddadig, / o fontein van alle goed.
Leer my dan wat goed en reg is, / uit u goedheids-owervloed.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
9 Junie 2013